Horizon News
Horisonnuus

Huis Horison
Horizon House

'n Vlam van hoop vir mense met intellektuele gestremdheid

A flame of hope for intellectually-impaired people

APRIL 2012 JAARGANG ISSUE 4 NOMMER NUMBER 1

Ons hart is groen

Die dertiende US Woordfees se tema vir 2012, Groen, het die publiek se aandag gevestig op groen sake wat ons almal raak. Melt Myburgh, Woordkuns-projekbestuurder van die Woordfees, sê die terugvoer van die feesgangers was fantasties en mense het beslis bewus geraak van ekologiese kwessies.

Die span wat aan die Groen Maskerade-optog deelgeneem het, het Ons hart is groen duidelik uitgebeeld, en boonop die prys gewen vir die beste groepuitbeelding. Hessie Mostert het ook 'n prys gekry omdat sy die oudste deelnemer was. Ons bedank graag vir Moira Lee vir haar hulp met die maak van die maskers.

Huis Horison se herwinningsuitstalling

Huis Horison se herwinningsprojek word nie verniet "Ons hart is groen" genoem nie, en ons kon derhalwe op verskillende vlakke betrokke raak.

Die Woordfees se Groen Maskerade op Saterdag, 10 Maart 2012 was 'n heerlike optog deur die historiese strate van Stellenbosch, al die deelnemers getooi in hul eie kreatiewe, selfgemaakte maskers. Die doel van die optog was om deelnemers aan te moedig om maskers uit herwinbare materiaal te maak en daardeur ook 'n bewussyn oor herwinning te skep. 'n Groepie van Huis Horison se inwoners het saam met studente en skoolkinders aan die optog, wat by Die Braak begin en by die Van der Stel Sportsentrum geëindig het, deelgeneem.

Daar was ook 'n Skatte-jaag. Spanne moes hul weg deur die strate van die dorp vind om leidrade op te spoor, uitdagings te aanvaar en uiteindelik die groot prys te wen. Een van die uitdagings was om 'n masker van herwinbare materiaal te maak. Elke span het 'n sak met items by inwoners van Huis Horison ontvang, waaruit hulle die herwinbare materiaal moes identifiseer en daarvan dan maskers maak. Crystal Pillay, die instrukteur van Huis Horison se herwinningsprojek, het die maskers geëvalueer. Indien dit nie aan die vereistes voldoen het nie, het die spanne 'n tweede kans gekry om hul maskers volgens die riglyne gemaak te kry.

'n Paar noodsaaklike veranderings aan die Woordfeesprogram het genoodsaak dat 'n ekstra bladsy met veranderinge ingevoeg word. Werkers in die papier-herwinnings-afdeling het die bladsy ingevoeg. Hier is Nico Louw , Kyle Hall en Lisa Labuschagne, met haar rug na die kamera, hard aan die werk.

Huis Horison se uitstalling oor Herwinning het groot aftrek gekry by die skatte-jaagspanne, maar ook by ander feesgangers. Crystal kon hul vrae beantwoord en fisies wys watter items herwinbaar is.

Die herwinningsprojek by Huis Horison herwin tans net meer as 10 000 kg materiaal elke maand. Indien u nog nie herwin nie, of vrae het oor herwinning, kan u ons gerus by (021) 887 5080 skakel om meer uit te vind. Saam kan ons 'n skoner, groener omgewing skep en ons natuurlike hulpbronne bewaar vir die nageslag.

Huis Horison/Horizon House
Patrysstraat 1 Patrys Street
Onder-Papegaaiberg
Stellenbosch 7600

Posbus/PO Box 102
Stellenbosch 7599

T 021 887 5080
F 021 887 5337
E admin@huishorison.org.za
W www.huishorison.org.za

NWO 0030-306 NPO
BTW/VAT Reg 4590129161

BANKBESONDERHEDE/BANKING DETAILS

Naam/name: Huis Horison
Bank: Nedbank Business Winelands
Tjekrekening/current account: 1498044247
Takkode/branch code: 149821

Van die Direkteur

Huis Horison is besig om nader te beweeg aan 'n lang gekoesterde ideaal van gemeenskapsbetrokkenheid en integrasie met Stellenbosch se mense. Ons interaksie met die Nomads, Voortrekkers, Vredenheim Landgoed, Arizona Spur, vrywilligers en kerke die afgelope maande het ons inwoners en personeel versterk. Ons inwoners se lewenskwaliteit het verbeter, en ons as instansie kon 'n beter diens lewer aan die inwoners en hul families.

Huis Horison koester werklik ons verhoudings met die verskillende instansies, en ook met individuele vriende.

Maar terselfdertyd wil ek ook my innige dankbaarheid betuig teenoor ons personeel en die inwoners wat saamwerk om so 'n vol en verrykende program moontlik te maak. Die nuusbrief getuig van die interaksie en sinergie wat ontstaan wanneer mense saam fokus op die sosiale kapitaal en sinvolle funksionering van 'n sentrum waar mense op 'n eenvoudige en konkrete vlak hul beskeie deel bydra tot menswees.

Dankie aan almal wat saamwerk om die ideaal te verwesenlik.

Elza Bresler

Jy's uitgenooi – vriende welkom!

Alles wat jy wil weet oor Vriendskapsbefondsing

Ons hier by Huis Horison koester al ons vriende en vennote in die gemeenskap.

Dit was vir die inwoners heerlik om deel te kon wees van die Woordfees vroeër vanjaar en konserte of teegeleenthede by te woon. Dit laat hulle voel dat hulle hier "behoort" en dat Stellenbosch ook hul dorp is.

Al die vrywilligers wat een of ander takie by die sentrum doen, of persone wat skenkings aflewer, word gewoonlik soos familie deur die inwoners verwelkom.

Die sentrum kan nie in isolasie bestaan nie. Trouens, geen instelling of besigheid kan sonder interaksie met en/of die ondersteuning van ander funksioneer nie. Ons het mekaar nodig.

Jy is ook uitgenooi – indien jy nog nie by Huis Horison betrokke is nie, wil ons graag van jou hoor.

Wat is 'n Vriend, of wat word van 'n Vriend verwag? Jy besluit – ons skryf nie voor waar jy betrokke moet wees of wat jy moet doen nie. Daar is wel bestaande projekte en behoeftes en jy kan besluit of jy daarby wil inskakel.

Party Vriende hou daarvan om hul moue op te rol en fisies 'n taak te verrig. Die kermisse en werkareas in Huis Horison gee belangstellendes genoeg geleentheid om juis dit te doen. Indien jy graag betrokke wil raak deur jou kundigheid tot voordeel van die sentrum aan te wend, hoor ons graag van jou.

Vriende kan ook as ambassadeur van Huis Horison optree en hul vriende, familie en kollegas van die sentrum vertel. Jy kan 'n sosiale geleentheid vir jou vriende reël waar 'n personeellid jou vriende van die sentrum kan vertel. Of jy kan hulle saambring kermis toe, of 'n besoek aan die sentrum reël.

Ons het ook Vriende nodig wat finansieel kan bydra. Het jy geweet dat die waarde van een bottel wyn of twee koppies koffie en koek per maand 'n verskil kan maak? En indien 100 vriende hierdie opoffering vir 12 maande maak, raak dit 'n groot bedrag wat in vele behoeftes kan voorsien.

Ek is nét een, maar ek is tóg een. Ek kan nie álles doen nie, maar ek kan tog iéts doen. En omdat ek nie álles kan doen nie, laat my nooit weier om daardie iéts te doen wat ek wel kan doen nie.

Edward Everett Hale

Indien jy graag 'n Vriend van Huis Horison wil word, is jy welkom om met Martie de Lange te gesels. Skakel haar by (021) 887 5080 of e-pos haar by bemarking@huishorison.org.za.Daar is ook inligting op Huis Horison se webtuiste by www.huishorison.org.za. Klik op die skakel **Help ons**.

Dressed for the occasion – Petro Theron, Adriaan Bertoni, Carina Crous, Pieter Fouché and in front, Cherese Hanekom

Cake for everyone - Wynand Basson from Arizona Spur, residents Carmen Brink and Caralene Bredell and the big cake that Spur donated for the residents.

BOLAND NOMADS SPONSOR VEHICLE

The Boland Nomad Golf Club donated the funds raised at their Andrew Mentis Golf Day in 2011 to Horizon House. The money was used to purchase a much needed vehicle. Willem Malherbe, Nomads member, Elza Bresler, executive director of Horizon House, Johan Visagie, captain of Boland Nomads and Magdel Alberts, a board member of Horizon House, share a joyous moment at the official handover of the vehicle.

Skaaptjops uit die Karoo

Douvoordag Slagtery op Merweville in die Karoo het die inwoners van Huis Horison bederf met heerlike skaaptjops uit die Karoo. 'n Braaidag is bepaal en almal het heerlik gesmul aan die Karoobederf! Ons dank aan Joubert en Marian Esterhuizen: ons waardeer julle omgee. Op die foto hou Ivan van der Merwe en Nathan Fredericks van die kombuisspan 'n wakende oog oor die tjops terwyl dit gebraai word.

In style ...
for St Valentine's Day

At Horizon House we like music, and we love dancing, and if we can get both at one event, such as our annual St Valentine Dance, life can't get much better! This year everyone had to wear a mask, and the planning started well in advance for the function. All the residents dressed up for the occasion and not even the wind could blow away the excitement. After a delicious braai and a piece of the cake Arizona Spur had contributed for the day, we danced the night away under the stars.

Vrolikheid op Vredenheim

Die Vredenheim Wynlandgoed het onlangs een van die katte in hul katpark, 'n tiertjie, vernoem na die liedjie "Jessica" wat Ray Dylan sing. Huis Horison se inwoners is uitgenooi om die feestelikheid by te woon en ons eie Jessica het vir Jessica die tiertjie 'n yslike been as geskenk gegee. Links bo is Jessica Starke van Huis Horison en Coenraad Bezuidenhout van Vredenheim met klein Jessica .

Na die plegtigheid in die katpark het Ray en Nadia Louw onder die bome langs die dam in die tuin opgetree (links onder). Mouveen Otto, Kyle Hall, Johan Hugo en Mark Reeves het nie op hulle laat wag nie en heerlik saam met Nadia, tweede van links, gedans terwyl sy sing.

SPORTNUUS

HY LAAT DIE SPEKE SING

Nicolaas Mulder is al 'n ou bekende by die gewilde jaarlikse Argus fietswedren. Hy het vanjaar die speke vir die twaalfde keer laat sing en die afstand in uiters warm toestande binne 5 uur afgelê. Nicolaas is nie net 'n kranige ryer nie; hy kén fietse. Hy werk elke dag aan fietse by Piet se Fiets in die dorp.

KAPTEIN EN GHOLFSPELERS GEE

Die Kaptein van die Stellenbosch Gholfklub hou elke jaar 'n gholfdag. Verlede jaar het Huis Horison met dié geleentheid 'n donasie van die klub ontvang. Hier oorhandig Jan du Preez, die Kaptein, die tjek aan Martie de Lange van Huis Horison.

BOCCE – HUIS HORISON WEN ALTA DU TOIT NASORG

Huis Horison het in Maart teen Alta du Toit Nasorg bocce gespeel en as oorwinnaars uit die stryd getree. Dawie Coetzee van Huis Horison is as speler van die wedstryd aangewys. In Meimaand gaan Huis Horison teen Sunfield op Alta du Toit Nasorg se baan speel.

- Make a single donation;
- Complete a debit order form for regular donations;
- Support our fundraising efforts by attending our functions – you could even host a table or sell tickets;
- Become a member of the Horizon House Circle of Friends and we will keep you informed through our newsletter;
- Make Horizon House one of your beneficiaries on the MySchoolMyVillageMyPlanet card;
- Remember us in your will;
- Support our workshops:
  - buy our bakery's products;
  - bring us your waste for recycling (paper, clean plastic, etc);
  - buy some of our crafts and handwork – or place an order for something unique;
  - obtain a quote for restoring your furniture. You could also buy hand manufactured garden and patio furniture at the centre.

E-mail bemarking@huishorison.org.za, should you need more information on any of the above-mentioned.

Die labirint word uitgemeet. Dit gaan uiteindelik deel vorm van 'n area waar die gedenktuin ook gehuisves gaan word.

"Aljander, aljander so deur die bos" was maar een van die gewilde speletjies wat die Voortrekkers en inwoners heerlik saam gespeel het.

Wie hou nie daarvan om bederf te word nie? Op die voorgrond word Marguerite de Villiers, met haar rug na die kamera, en Juanita Bester, in die middel, se naels deur die Voortrekkermeisies behandel.

Die Voortrekkers gee om

Die Voortrekkers se leiersgroep van die Wes- en Noord-Kaap onder leiding van Johan Wagenaar het ons op Saterdag, 17 Maart 2012 besoek en die inwoners lekker bederf. Hulle het met hulle speletjies gespeel, die dames se naels geverf en 'n labirint begin bou.

Alles het baie goed en prettig afgeloop, en daar is moeilik afskeid geneem. Die groep sal voortgaan met die labirint en weer in die toekoms kom besoek aflê.

2012 BELANGRIKE DATUMS

9 Jun:	Winterkermis
Begin Aug:	Vier-die-lewe-ete (3 top-sjefs maak kos)
3 Nov:	Somerkermis